# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

# BScHons Bourekenkunde (12242017)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 158 |
| **Kontak** | Dr DJ Hoffman danie.hoffman@up.ac.za +27 (0)124202551 |

## Programinligting

Dit word verwag dat ’n student bo en behalwe bevredigende bywoning van lesings, vir ten minste 480 uur deeltyds in die kantoor van ’n geregistreerde bourekenaar werksaam sal wees met werk wat aan die vereistes vir registrasie ooreenkomstig die Wet op die Bourekenaarsprofessie voldoen. Daar sal van die student verwag word om ‘n diensrooster by te hou op die voorgeskrewe templaat.

Verwys na G Regulasies G.16 tot G.29 en G.54.

## Toelatingsvereistes

'n Persoon mag nie as 'n kandidaat vir die graad toegelaat word nie, tensy hy of sy:

(a) 'n gegradueerde van die BSc in Bourekenkunde-graad van hierdie Universiteit; of
(b) die houer van 'n drie-jaar baccalaureusgraad van hierdie, of enige ander universiteit erken vir die doel deur die departementshoof as gelykstaande aan die BSc in Bourekenkunde-graad van hierdie Universiteit; of
(c) in enige ander wyse bereik 'n vlak van bekwaamheid wat na die mening van die hoof van die departement is voldoende vir die doel van toelating.

## Addisionele vereistes

Keuring is gebaseer op die aansoeker se akademiese rekord en ondervinding. Van aansoekers kan verwag word om vir ‘n onderhoud te kom en/of ‘n toelatingseksamen af te lê.

## Eksamens en slaagvereistes

Ten einde tot die eksamen in ’n betrokke module toegelaat te word, word ’n semester-/jaarpunt van minstens 40% vereis. Verder moet aan alle ander eksamentoelatingvereistes voldoen word, soos van toepassing op ’n betrokke module.

**Hereksamens**

Geen hereksamens sal op nagraadse vlak toegestaan word nie.

**pesiale eksamens**

Geen spesiale eksamens sal op nagraadse vlak toegestaan word nie.

**Voldoening aan graadvereistes**

Die graad word toegeken indien alle voorgeskrewe modules geslaag is.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan ’n student wat vir die eerste maal vir de graad geregistreer het, en die graad voltooi het binne die minimum voorgeskrewe tydperk en in al die modules geslaag het met ? geweegde gemiddelde van minstens 75% (uitgesluit POU 700).

## Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 158**

### Kernmodules

Konstruksiekontrakreg 740 (KKR 740) - Krediete: 12.00
Konstruksieprojekbestuur 730 (KPB 730) - Krediete: 9.00
Navorsingsverslag 785 (BRK 785) - Krediete: 30.00
Uitvoerbaarheidsstudies 720 (EUS 720) - Krediete: 9.00
Hoeveelhede 700 (HVH 700) - Krediete: 24.00
Praktiese ontwikkelingsuitvoerbaarheid 700 (POU 700) - Krediete: 2.00
Konstruksiekontrakreg 730 (KKR 730) - Krediete: 12.00
Uitvoerbaarheidsstudies 710 (EUS 710) - Krediete: 9.00
Boukosteraming 700 (BKR 700) - Krediete: 24.00
Bourekenkundepraktyk 700 (BRK 700) - Krediete: 12.00
Bestuurspraktyk 700 (BTP 700) - Krediete: 6.00
Konstruksiebestuur 710 (KBS 710) - Krediete: 9.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.